

ATKV-SA AKADEMIEPRYS 2019

Die Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging (ATKV) stel 'n jaarlikse prysgeld van R60 000 beskikbaar vir die bekroning van ses gepubliseerde Afrikaanse artikels wat in 'n betrokke jaar in 'n geakkrediteerde tydskrif verskyn het, dus R10 000 per artikel. Vier pryse is bestem vir artikels in die geesteswetenskappe en twee vir artikels in die natuurwetenskappe. Die Suid Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns hanteer die keuringsproses.

Artikels wat in 2017 verskyn het en deur redakteurs van geakkrediteerde tydskrifte aan die Akademie voorgelê is, is beoordeel. Die prysweners is soos volg:

Geesteswetenskappe:

- Prof. J.C. Sonnekus, Fakulteit Regte, Universiteit van Johannesburg vir die artikel "Aanspreeklikheid vir nadeel weens *regmatige* owerheidshandeling – rus die skade maar waar dit val?" wat verskyn het in *TSAR* 2017.1.
- Prof. Louise Viljoen, Dept. Afrikaans en Nederlands, Universiteit van Stellenbosch vir die artikel "*'n Postkoloniale Umweltkas: die vraag na 'n transnasionale poëtika in Afrikaans aan die hand van Marlene van Niekerk se Kaar*" wat verskyn het by *LitNet Akademies* (GW), Jg. 14(3), Desember 2017.
- Prof. James Alfred Loader, Fakulteit Teologie, University of Vienna, Oostenryk vir sy artikel "Die gestaltes van Philipp Melanchthon se Spreukekommentaar" wat verskyn het in *HTS Teologiese Studies/Theological Studies*, 2017.
- Prof. M. Burden, Dept. Geskiedenis en Antieke Kultuur, Universiteit van Stellenbosch vir haar artikel "Argitektoniese elemente en motiewe in ou-Kaapse meubels" wat verskyn het in die *SA Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, Jg. 31(2), Des 2017.

Natuurwetenskappe:

- Katie S. Lennard en mede-outeurs van die Instituut vir Aansteeklike Siektes, Universiteit Kaapstad, die Nasionale Gesondheidslaboratorium en die MIV-navorsingseenheid, Universiteit van die Witwatersrand vir hulle artikel "Hoë voorkomskoers van bakteriële vaginose en Chlamydia in 'n lae-inkomste, hoë-bevolkingsdigtheid gemeenskap in Kaapstad" wat verskyn het in *Die Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie*, Jg. 36(1), (2017).
- Runako M. Katsidzira, Mietha M. van der Walt, Jacobus J. Bergh, Gisella Terre'Blanche van die Departement Farmaseutiese Wetenskappe, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom vir hulle artikel "Die adenosien A1 - en A2A-reseptoraffiniteit van 'n reeks 3,4-dihidropirimidoon-analoë" wat verskyn het in *Die Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie*, Jg. 36(1), 2017.

Die prysgeld sal vanjaar per geleentheid aan die wenners oorhandig word.